Prestasie: Rekordtyd

Nuwe hoogtes vir SA span op Everest

Sewe hoogste pieke op vastelande al bemeester

CARRYN-ANN NEL

KAAPSTAD. – Hy het die wêreld aan sy voete!

Só het mev. Janet Disney uitbundig gesê nadat haar man een van twee Suid-Afrikaners geword het wat Woensdag Everest, die hoogste piek in die wêreld, van bó af kon sien.

Mnr. Sean Disney (34) en mnr. Vaughan de la Harpe (49) van Johannesburg het die sowat 8 848 m afgelê en Woensdag teen 05:30 (Nepalese tyd) in 'n rekordtyd van agt en 'n half uur dié nuwe hoogtepunt bereik.

"Ek het na die tyd met hom gepraat. Hy was hoogs in sy noppies en kon nie uitgepraat raak oor hoe asemrowend die uitsig was nie."

Disney, uitvoerende hoof van 'n maatskappy, en De la Harpe, 'n sakeman, het hulle nou by die gesogte Seven Summit-klub gevoeg deur die sewe hoogste pieke op die vastelande te bemeester. Daar is slegs sowat vyf Suid-Afrikaners wat deel is van dié elitegroep.

Die mans se avontuur het op 22 Maart begin. Op 23 Mei was die droom in sig met die laaste skof van die tog. Disney het op die webwerf www.everestsa2006.co.za geskryf hoe "absoluut perfek die weer" is met "skaars 'n windjie wat waai". Hulle het die suidelike South Summit-roete aangepak.

"Die uitsig van bo op baie van die sowat 8 000 m hoë omliggende pieke was asemrowend. Die bulte was moeilik en daar was 'n paar tawwe plekke, hoewel ons die heeltyd sterk gevoel het.

"Die son het opgekom net toe ons by die South Summit aangekom het," skryf hy. Hulle het daarna hul spanvlae geplant en foto's geneem.

Mnre. Sean Disney (links), Vaughan de la Harpe en René Hochreiter geniet 'n koppie koffie terwyl hulle wag dat hul volgende skof aanbreek.
Foto: WWW.EVERESTSA2006.CO.ZA

Mnr. René Hochreiter (48), 'n bankier van Johannesburg, was deel van dié geselskap, maar het by Kamp 2 omgedraai.

Hy het gesê dit was Sean se derde keer en Vaughn "was 'n gelukkige een wat dit sommer die eerste keer kon voltooi".

"Dit was 'n baie tawwe ondervinding, seker die moeilikste ding wat ek al ooit in my lewe gedoen het. En nou het ek boonop geen gevoel in my tone nie weens vriesbrand."

Volgens Janet Disney het die mans sowat 'n jaar voorberei. "Hulle was lank weg en het hard gewerk om daar te kom. Ek kan nou net nie wag vir wanneer hulle Dinsdag of Woensdag terugkom nie."

Die mans sal tot vandag op die berg bly voordat hulle met 'n helikopter opgepik word.

Mnr. André Bredenkamp, nóg 'n voormalige klimmer van Everest, het gesê die mans se prestasie is wonderlike nuus, veral omdat Disney deel was van die Discovery-span in 2003, maar nie die tog kon voltooi nie.

Nóg 'n Suid-Afrikaner, mnr. Selebelo Selamolela, het Everest se piek die naweek bereik. Luidens die webwerf www.everestpeaceproject.com was dit sy droom om die tweede swart Suid-Afrikaner te word wat Everest kon tem.